Van Wouw se eerste staatsopdrag.[85] Engelenburg wou hom graag help om as kunstenaar naam te maak. Hy was beïndruk met die kunstenaar se werk en het die staatswapen beskryf as 'n sieraad vir die gebou. Hy het in *De Volksstem* geskryf dat Van Wouw met hierdie eerste stuk werk wat hy gelewer het, reeds die aandag van kunskenners getrek het. Hy het gehoop dat die boumeesters en ook die publiek sy gawe sou waardeer en dat nog vele werk van sy hand geboue en wonings sou verfraai.[86]

Die opening van die Raadsaal en die Volksraadsittinge in 1890 was Engelenburg se eerste ervaring van dié aard in die Republiek. Die aankoms van die Volksraadslede uit die verskillende dele van die Republiek moes sekerlik 'n beroering onder die gemeenskap in Pretoria veroorsaak het. Engelenburg het die raadslede in *De Volksstem* hartlik verwelkom en die hoop uitgespreek dat God hulle werksaamhede sou seën en hulle sou lei tot heil van die volk en die regering. Hy het gewys op die moeilike taak wat vir die Volksraad voorgelê het in die vorm van verskillende voorstelle wat hulle sou moes bespreek en besluite wat hulle sou moes neem. In die jare daarna het Engelenburg feitlik alle Volksraadsittinge persoonlik bygewoon. Tydens die sittings het hy so volledig moontlik verslag gedoen oor die debatte wat in die Volksraad gevoer is.[87]

Engelenburg se positiewe siening van die Volksraadlede aan die begin van 1890 het in minder as 'n jaar negatief geraak toe hy meer kennis gehad het oor wat in die vergaderings gebeur en hy die lede nader leer ken het. Hy het geen hoë dunk meer van die Volksraad gehad nie. Onder andere het hy oor die Raad gerapporteer dat hulle nóg 'n steun vir die regering was, nóg 'n steun vir die volk. As wetgewende liggaam het die Volksraad niks merkwaardigs uitgerig nie. As finansiële liggaam is niks gedoen om die agteruitgang van die staat se finansies te stuit nie. As administratiewe liggaam het die Volksraad ook weinig bevredigende werk gelewer.[88] Soms het Engelenburg nie met die Raad saamgestem nie en het dit dan ook duidelik in sy hoofartikels in

85 J. Ernst, *Anton van Wouw*, pp. 22-24; 26.

86 F.V. Engelenburg, "Het wapen der Zuid-Afrikaansche Republiek", *De Volksstem*, 09.02.1891.

87 Redaksionele kommentaar, "De aanvang der Volksraadszitting", 05.05.1890; Verslae van die sittinge in *De Volksstem*: Anon., "Plechtige opening van de Volksraadszitting – 1890", *De Volksstem,* 08.05.1890; "Volksraad", 12.05.1890; Anon., "Volksraad", *De Volksstem,* 19.05.1890; Anon., "Volksraad", *De Volksstem,* 22.05.1890; Anon., "Volksraad", *De Volksstem*, 29.05.1890.

88 Redaksionele kommentaar, "Lucas Meyer in het politieke strijdperk", *De Volksstem*, 26.11.1891.



Illustrasie 9: Die Ou Raadsaal op Kerkplein, Pretoria. Foto: Linda Brink, 09.10.2010.



Illustrasie 10: Binnekant van die Raadsaal. Koerantverslaggewers het op die groot galery gesit.
Foto: Linda Brink, 09.10.2010.

*De Volksstem* laat blyk.[89] Engelenburg het ook briewe van lesers oor sake van openbare belang in die koerant geplaas en hulle op dié manier aangemoedig om te skryf.[90] So kon hy vasstel wat in hulle gemoedere omgaan.

Teen die helfte van 1891 het die gemeenskap toenemend hulle ontevredenheid uitgespreek oor die manier waarop die staatsmasjien gedryf word. Engelenburg het hulle tereggewys deur te sê dat dit maklik was om onbevredigende toestande aan die regering of aan die volksverteenwoordiging te wyt. Die gemeenskap moes egter nie vergeet nie dat 'n volk wat op sy eie regering en parlement skel, in werklikheid op hulleself skel. Sowel die regering as die Volksraad (as verteenwoordigers van die mense) was die direkte uitvloeisel van die volk se wil. Indien die verkeerde afgevaardigdes verkies word en dié verkeerde dinge doen, dan moes die burgers 'n groot deel van die skuld op hulleself neem.[91] Engelenburg het ook 'n paar maal kritiek uitgespreek oor die wyse waarop 'n konsepwet voorberei en deur die Volksraad afgehandel is. Hy het daarop gewys dat dit die plig van die regeringskantoor was om te sorg dat 'n konsepwet redaksioneel foutloos was en geen aanleiding tot onsekerheid gee nie indien die aangebode ontwerp onveranderd deur die Volksraad aangeneem word.[92] Hy het ook kritiek uitgespreek oor die oorhaastige manier waarop sake in die Volksraad soms afgehandel is. Terwyl raadslede reeds besig was om hulle waens vir hulle vertrek gereed te maak, het hulle inderhaas nog 'n muntwet, 'n naturalisasiewet vir amptenare, die bepalings van die kieswet en nog ander maatreëls van wetgewing goedgekeur. Trouens:

> Ja, bijna hadden ze ook nog een bankwet aangenomen![93]

Hy het die Raad gemaan om liewer die waens te laat wag en nog 'n maand te vergader of, as hulle dan huis toe móés gaan, te vra dat die sake uitgestel word tot die volgende sitting.[94]

---

89 Redaksionele kommentaar, "Gebrekkig financieel bestuur", *De Volksstem*, 18.08.1894; Redaksionele kommentaar, "Haastige wetgeving", *De Volksstem*, 11.08.1891; Redaksionele kommentaar, "Langzame zelfmoord", *De Volksstem*, 09.01.1892.

90 Willem Springbok (korr.), "De dokters-kwestie", *De Volksstem*, 20.02.1890; Een vriend van recht (korr.), "De Karel Kool-quaestie", *De Volksstem*, 20.02.1890; Afrikaander (korr.), "Vat jou goed en trek", *De Volksstem*, 08.03.1890; Een die jaloersch is (korr.), "Wakkerstroom tentoonstelling", *De Volksstem*, 08.03.1890; Opmerker (korr.), "Een mooi Baantje", *De Volksstem*, 26.05.1890.

91 Redaksionele kommentaar, "De gevoelens der burgers", *De Volksstem*, 18.07.1891.

92 Redaksionele kommentaar, "Haastige wetgeving", *De Volksstem*, 11.08.1891.

93 Redaksionele kommentaar, "Haastige wetgeving", *De Volksstem*, 11.08.1891.

94 Redaksionele kommentaar, "Haastige wetgeving", *De Volksstem*, 11.08.1891.

Engelenburg se parlementêre verslae in die laaste dekade van die negentiende eeu en die eerste dekade van die twintigste eeu was die voorloper van die Suid-Afrikaanse parlementêre Hansard,[95] wat dateer van Uniewording in 1910. Die Hansard het ŉ Britse herkoms en is in Brittanje tot vandag die amptelike rekord van die Britse parlement. Die Kaapkolonie en Natal, asook die twee Boererepublieke, die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek, het almal ŉ tipe koerant-Hansard gehad. Die amptelike publikasie van die ZAR tussen 1884 en 1899 was waarskynlik die eerste ware Hansard in suidelike Afrika. Transvaal het ná die Anglo-Boereoorlog (ABO) ŉ Wetgewende Raad gehad en met die instel van selfregering in 1907 ŉ Wetgewende Vergadering. Albei het ŉ koerant-Hansard bygehou, met die eerstes (1902 tot 1906) net in Engels en dié vir 1907 tot 1909 in Engels en Nederlands. Die Hansard vir 1907 tot 1909 is onder kontrak saamgestel deur die *Transvaal Leader* in Engels en *De Volkstem* in Nederlands volgens die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling (VNS) van Elffers/Viljoen, wat Engelenburg verkies het. Die koerante het daagliks volledige verslae van die debatte gepubliseer en dit aan die einde van ŉ sessie in een hardeband saamgebind.[96]

Met die eerste sessie van die Unie-parlement in 1910 is geen Hansard geskryf nie. Aan die begin van 1911 het ŉ gekose komitee ondersoek gedoen na die produksie van ŉ gepubliseerde Hansard. Omdat dit te duur was, is besluit om ŉ koerant-Hansard uit te gee. Engelenburg se twee snelskrywers van *De Volkstem*, waarskynlik J.H. Steinmeyer en Nathan Levi, het reeds met die opening van die Unie-parlement saam met *Ons Land* gewerk. Die koerante het onderneem om met mekaar saam te werk in die produksie van die Hansard. Van 1911 af het die *Cape Times* en *Ons Land* (laasgenoemde in vennootskap met *De Volkstem*) ŉ Engelse en Nederlandse Hansard saamgestel uit hulle eie parlementêre berigte.[97]

---

95 Hansard is die daaglikse verslag van die wetgewende geskiedenis van die land en in sy onpartydigheid ag dit geen party of persoon nie. Dit word geraadpleeg deur politici, joernaliste, historici, onderwysers, studente en bibliotekarisse, deur regsgeleerdes, meningsvormers en die verteenwoordigers van vreemde lande. Hoewel dit die amptelike verslag van die parlementêre *debatte* is, is dit nie die amptelike verslag van die parlement se *verrigtinge* nie en kan dit nie as sodanig in ŉ geregshof aanvaar word nie. Kyk A.J. van Wyk, *Hoor! Hoor! Hansard: honderd jaar debat 1910-2010*, p. 16.

96 A.J. van Wyk, *Hoor! Hoor! Hansard: honderd jaar debat 1910-2010*, pp. 13-15.

97 A.J. van Wyk, *Hoor! Hoor! Hansard: honderd jaar debat 1910-2010*, pp. 48-49.

## Engelenburg se siening oor die onderwys, landbou, spoorweë en hawens

Engelenburg het gou ontdek dat die ZAR deur goeie bestuur 'n modelstaat kon word. Om dit te kon bereik, moes die land ekonomies vorder. Hy het nie op die regering gewag om ondersoek te begin doen na wat in die verskillende staatsinstellings in die Republiek aan die gebeur was nie. Om sake te bespoedig, het hy self begin om al die stelsels te ondersoek om te bepaal waar die probleme was sodat hy dit in *De Volksstem* aan die groot klok kon hang. Hy het nie net kritiek gelewer nie, maar het ook raad gegee oor hoe dit verbeter kon word.[98] Engelenburg het die Nederlanders wat goeie betrekkings in die staatsdepartemente beklee het, geken en hulle het hom voortdurend op die hoogte gehou oor 'n hele aantal sake. Hy het heelwat met die staatsekretaris, dr. W.J. Leyds, te doen gehad en hulle het dan ook huisvriende geword. Die waardevolle inligting wat hy waarskynlik op hierdie wyse bekom het, was vir hom van hulp met sy eie ondersoeke. Hy was egter 'n onafhanklike denker wat sy eie opinie gevorm het. Dit wat hy beskou het as die belangrikste komponente om ekonomies te floreer, was op die gebied van die onderwys, spoorweë en hawens, die mynindustrie en landbou omdat landbouprodukte, goud, diamante en steenkool uitgevoer kon word om die staatskas te vul.[99] Vervolgens word op aspekte van hierdie komponente, soos deur Engelenburg uiteengesit, gefokus.

## Onderwys

Engelenburg het dwarsdeur die laaste dekade van die negentiende eeu voortdurend oor onderwystoestande geskryf.[100] Hy het gemeen dat goeie onderwys die sleutel was tot 'n

98 Redaksionele kommentaar, "Langzame zelfmoord", *De Volksstem*, 09.01.1892; Redaksionele kommentaar, "Ondervinding maakt wijs", *De Volksstem*, 28.10.1889; Redaksionele kommentaar, "Departement van Landbouw I", *De Volksstem*, 20.03.1890; Redaksionele kommentaar, "Departement van Landbouw II", *De Volksstem*, 24.03.1890; Redaksionele kommentaar, "Onze politie", *De Volksstem*, 17.04.1890; Redaksionele kommentaar, "De rijdende staats-artillerie en politie I", *De Volksstem*, 15.09.1890; Redaksionele kommentaar, "Ons tronkwezen", *De Volksstem*, 28.07.1890.

99 Redaksionele kommentaar, "Ondervinding maakt wijs", *De Volksstem*, 28.10.1889; Redaksionele kommentaar, "Onze invoer", *De Volksstem*, 02.02.1895; Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige steenkool-industrie", *De Volksstem*, 18.12.1890, Redaksionele kommentaar, "Departement van Landbou", *De Volksstem*, 20.03.1890.

100 Redaksionele kommentaar, "Spoorwegen en onderwijs II", *De Volksstem*, 23.06.1890; Redaksionele kommentaar, "Betreurenswaardige onverschilligheid", *De Volksstem*, 25.11.1889; Anon.,"Openbaar onderwijs. Jaarverslag 1889", *De Volksstem*, 09.06.1890; Redaksionele kommentaar, "Spoorwegen en onderwijs IV", *De Volksstem*, 03.07.1890; Redaksionele kommentaar, "Spoorwegen en onderwijs V", *De*

vooruitstrewende, goed ontwikkelde land en het die totstandbring van opleidingsinrigtings vir onderwysers bepleit. Behalwe goeie primêre en sekondêre skole het hy ook ʼn tersiêre inrigting vir Transvaal bepleit wat aan alle verwagtinge sou voldoen.[101] By nadere kennismaking met die Afrikaners het hy besef dat hulle potensiaal gehad het om deur middel van goeie onderwys bo hulle omstandighede uit te styg. Goeie primêre en sekondêre opleiding moes die fondament lê vir tersiêre onderrig. Engelenburg het die ZAR-regering en ook die Afrikaners probeer waarsku dat hulle hulle land kon kwyt raak indien hulle nie geld aan die opleiding van hulle kinders bestee nie.[102] Sy patriotiese ingesteldheid teenoor die ZAR en die Afrikaners was hier nog in ʼn beginstadium. Namate hy die geskiedenis van die land en sy toenemende probleme met die Britse regering beter leer ken het, sou sy patriotiese gevoel teenoor die ZAR toeneem.

**Landbouontwikkeling**

ʼn Verdere komponent van ʼn suksesvolle ekonomie waaraan Engelenburg aandag sou gee, was die landbou. Hy het ʼn goeie begrip gehad van wat die landbou in Nederland behels het. Engelenburg se vader, Frans Thomas Vredenrijk Engelenburg (1836-1920), het uitgebreide boerderybelange in Nederland gehad. Sy vader het baie sorg en tyd aan die administrasie van sy landerye by Oldebroek en Kamperveen bestee.[103] Dit is duidelik dat Engelenburg as kind sy vader soms na dié se boerderybedrywighede vergesel het. Daarvan getuig die sketse in sy sketsboek wat hy as 13- tot 18-jarige gemaak het.[104] Sy vader se boerdery het vir die seun ʼn stewige agtergrond gegee oor hoe landbousake in die praktyk gewerk het, en in sy latere lewe kon hy boere in die ZAR deur middel van sy koerant van goeie raad dien. Hy het reeds as jong man geleer dat boerdery geld genereer en ʼn gemeenskap selfstandig kon maak.

---

*Volksstem*, 07.07.1890; Redaksionele kommentaar, "Onze toekomstige 'Academiestad'", *De Volksstem*, 14.11.1889; Redaksionele kommentaar, "Nog eens de hoogeschool", *De Volksstem*, 28.11.1889; Redaksionele kommentaar, "Geen Engelsch op de Volksschool", *De Volksstem*, 08.04.1893.

101 Redaksionele kommentaar, "Spoorwegen en onderwijs II", *De Volksstem*, 23.06.1890.

102 Redaksionele kommentaar, "Betreurenswaardige onverschilligheid", *De Volksstem*, 09.06.1890.

103 F.V. Engelenburg, *Engelenburg: geschiedenis van de familie, voor zʼn jongere verwanten verteld*, pp. 31-32.

104 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sketsboek van F.V. Engelenburg, 1876-1881. Engelenburg was toe nog op skool in Arnhem, Nederland.



Illustrasie 11: Sketse deur F.V. Engelenburg, toe nog ’n skoolseun in Arnhem, Nederland, van tonele op ’n plaas. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Sketsboek van Engelenburg gedateer 1876-1881.

Engelenburg het reeds in 1890 gepleit dat die regering 'n departement van landbou instel wat die boere kon voorlig en die regering van raad kon bedien. Hy het daarop gewys dat die regering nie naastenby in staat was om aan die behoeftes van die land se ingesetenes aan slagvee en graan te voldoen nie.[105] Die wyse waarop perde, osse en skape geteel is, waarop die wolnywerheid bedryf en die grond bewerk is, waarop die suiwelprodukte berei en die bosbou beoefen is, het vir ingrypende verbeteringe gevra.[106] Die departement se take sou kon wees die beskikbaarstelling teen matige pryse van diere van goeie gehalte, die verkrygbaarmaking van goeie sade, die aanmoediging van tentoonstellings, die verspreiding van nuttige kennis, die bestryding van siektes onder die diere en plante

> en wat al niet meer op dit oogenblik aan ons editeurs-oog ontsnapt is.[107]

Die redakteurs van die meeste nuusblaaie in die ZAR het die gebrek aan landboukundige voorligting besef en het deur middel van artikels en spesiale rubrieke inligting en voorligting aan boere gegee. Nuusblaaie soos *De Potchefstroomer* en *The Zoutpansberg Review* het veel gedoen vir die verspreiding van inligting en kennis omtrent landbousake.[108] Die belangrikste voorligtingswerk is egter deur *De Volksstem* gedoen. Engelenburg het hom besonder beywer om aan die boere leesstof te verskaf wat sou dien om hulle in te lig omtrent vraagstukke in die boerdery.[109] Dit het nie net besondere artikels oor bepaalde landboukundige sake behels wat in die blad gepubliseer is nie, maar ook ander inligting en kennis wat onder die boere versprei is.[110] In baie gevalle is die opinies van deskundiges in die blad weergegee en onder 'Landbouwzaken'

105 Redaksionele kommentaar, "Departement van Landbou I", *De Volksstem*, 20.03.1890.

106 Redaksionele kommentaar, "Departement van Landbou I", *De Volksstem*, 20.03.1890.

107 Redaksionele kommentaar, "Departement van Landbou I", *De Volksstem*, 20.03.1890.

108 Anon., "A horse cured of horse sickness", *The Zoutpansberg Review*, 11.12.1889, en Anon., "Smitsdorp water", *The Zoutpansberg Review*, 15.10.1890; Anon., "Pesten op vruchtenbome", *Land en Volk*, 14.09.1906.

109 Anon., "Markberigte", *De Volksstem*, 21.10.1893; Anon., "Landbouwzaken", *De Volksstem*, 06.06.1893; Anon., "Landbouwzaken", *De Volksstem*, 20.06.1893; Anon., "Schutberichten", *De Volksstem*, 14.06.1893; Anon., "Watersnood Comité, *De Volksstem*, 14.06.1893; Anon., "Watersnood Centraal Comité, *De Volksstem*, 30.05.1893; Anon., "Rotatie van veldgewassen", *De Volksstem*, 04.08.1890; Anon., "Transvaalse Landbouw Unie", *De Volksstem*, 06.05.1899.

110 Anon., "Zijn de Boeren gerechtigd om de roofdieren te schieten?", *De Volksstem*, 14.11.1889; Anon., "Waaraan struisvogels sterven", *De Volksstem*, 14.11.1889; Anon., "Het steekgras", *De Volksstem*, 24.07.1890; Anon., "Landbouwkundige opleiding", *De Volksstem*, 24.07.1890; Anon., "Het oordeelkundig voeren van paarden", *De Volksstem*, 24.07.1890; Anon., "Hoenderboerderij. Kunstmatige broeden", *De Volksstem*, 12.08.1899.

is gereeld markberigte geplaas.[111] Die blad het voortdurend 'n lewendige belangstelling in boerderyaangeleenthede getoon. Wenke is byvoorbeeld gegee oor hoenderboerdery,[112] hoenderluise,[113] die runderpes,[114] ensovoorts. Engelenburg het ook by geleentheid 'n fabriek besoek wat vrugte preserveer en aan sy lesers verslag gedoen oor hoe dit bedryf word.[115] *De Volksstem* het met sy artikels oor boerderyaangeleenthede 'n groot bydrae gelewer tot die bewusmaking van die volk en die owerheid oor die belangrikheid van die boerderybedryf in die nasionale huishouding. Die rol wat die openbare pers in die onderrig en voorligting van landbousake gespeel het, kan nie maklik oorskat word nie. Dit het in groot mate voorsien in die behoefte wat deur 'n landboudepartement voorsien moes word.[116] Engelenburg het ná 1906 ook 'n weekblad, *De Boer*, onder redaksie van Harm Oost uitgegee. Hierdie blad, wat die vorm aangeneem het van 'n gewone nuusblad, het veel gedoen ter bevordering van 'n meer wetenskaplike belangstelling in boerderysake, wat ná die Anglo-Boereoorlog in geheel veranderde omstandighede bedryf sou word. Die blad het boere op die hoogte gehou van wat op landbougebied in die land, maar ook elders in die wêreld, aan die gang was.[117] Die bevordering van die landbou het gepas in die raamwerk van vooruitgang en opheffing van die Republiek wat Engelenburg hom ten doel gestel het. Deur onafgebroke propagering van meer moderne wetenskaplike boerderymetodes het veral *De Volksstem* die boere geleidelik beïnvloed en hulle laat besef dat 'n heeltemal nuwe benadering tot hulle bedryf noodsaaklik was.[118]

**Spoorweë en hawens**

Die minerale omwenteling in die 1880's was 'n keerpunt in die 19de-eeuse Suid-Afrika weens die ingrypende ekonomiese, sosiale en politieke veranderinge wat dit teweeggebring het. Die

111 Anon., "Zijn de Boeren gerechtigd om de roofdieren te schieten?", *De Volksstem*, 14.11.1889; Anon., "Waaraan struisvogels sterven", *De Volksstem*, 14.11.1889; Anon., "Het steekgras", *De Volksstem*, 24.07.1890; Anon., "Landbouwkundige opleiding", *De Volksstem*, 24.07.1890; Anon., "Het oordeelkundig voeren van paarden", *De Volksstem*, 24.07.1890.

112 Anon., "Hoenderboerderij", *De Volksstem*, 16.02.1898.

113 Anon., "Hoenderluizen", *De Volksstem*, 28.09.1898.

114 Anon., "Runderpest", *De Volksstem*, 22.10.1898.

115 F.V. Engelenburg, "De fabriek tot het preserveren van vrugten", *De Volksstem*, 30.01.1895.

116 P. Naudé, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 – 1899, deel 2, p. 351.

117 P.J. Nienaber, *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*, p. 104. Kyk ook J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 4.

118 P. Naudé, Boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1858 – 1899, deel 2, p. 351.

dramatiese ontwikkeling binne enkele dekades was slegs moontlik danksy die tegnologiese uitvindsels en vooruitgang van die Nywerheidsomwenteling in Wes-Europa en Brittanje. Die Europese nywerheidsontwikkeling het talle tegnologiese ontwikkelings meegebring, onder meer op die gebied van elektrisiteit, mynbou, metallurgie en ingenieurswese. Dit het weer as dryfveer van ekonomiese groei gedien. Sonder die tegnologiese vooruitgang en industriële vernuwing sou dit nie moontlik gewees het om veral die diepliggende gouderts van die Witwatersrand te ontgin nie. Die ontdekking van diamante en goud het die ekonomiese swaartepunt na die noorde van die land verskuif.[119] Die geleidelike industrialisasie het 'n behoefte laat ontstaan aan die in- en uitvoer van produkte tussen Suid-Afrika en die buiteland. Vir die ZAR se snelle ontwikkeling ná 1886 van 'n landbou- na 'n mynbou- en nywerheidsland is daar benewens die bou van paaie en brûe en die instel van 'n goeie telegraafdiens (reeds in 1879) alles moontlik gedoen om vir die Republiek 'n spoorverbinding met die see te bewerkstelling, verkieslik na 'n nie-Britse hawe, soos Delagoabaai, sodat Transvaal ekonomies onafhanklik van die Britse kolonies kon bly.[120] Die spoorstelsel was nodig om landbouprodukte vinnig by die verbruikers te kry en om mynboutoerusting van die naaste hawe te vervoer. Die spoorstelsel in Nederland was goed ontwikkel en president Kruger het besluit om Nederlandse ingenieurs te gebruik om die spoorlyn na Delagoabaai te bou.

Toe Engelenburg in 1889 in Suid-Afrika aangekom het, het die Natalse spoorlyn tot by Biggarsberg (later genoem Glencoe) gestrek.[121] Verder die binneland in was daar dus geen spoorstelsel nie, met die gevolg dat myntoerusting en masjinerie, boumateriaal en verskeie lewensnoodsaaklikhede oor 'n afstand van 'n paar honderd kilometer per ossewa na die Rand vervoer moes word.[122] Nadat goud aan die Witwatersrand ontdek is, het Brittanje sy oog toenemend op die ZAR gehad.[123] Om die ZAR teenoor die steeds toenemende bedreiging van

---

119 W. Visser, "Die minerale revolusie" in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, p. 183.

120 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 90.

121 E.D. Campbell, *The birth and development of the Natal Railways*, pp. 119-120.

122 M.H. de Kock, *The economic development of South Africa*, pp. 53-54. Sien ook M.H. de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa*, pp. 346-348; en D.G. Franzsen en H.J.J. Reynders, *Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika*, pp. 194-195.

123 J.C.H. Grobler, "Enkele gedagtes oor die Boere-ultimatum van Oktober 1899" in *'n Oorlog om by stil te staan: die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 39(3&4), pp. 216-217.

Britse imperialisme as 'n onafhanklike staat te handhaaf, was ekonomiese vooruitgang van groot belang. Dit het Engelenburg goed besef en gevolglik was dit een van die hoofredes waarom hy so besorg was oor veral die onderwys, ekonomie en mynbou en waarom hy voortdurend wenke aan die hand gedoen het oor hoe die stelsels verbeter kon word.

Die ZAR sou nie met alle mag na 'n seeverbinding gestreef het nie as dit nie was dat die Britse regering druk op hom geplaas het om tot 'n tolverbond toe te tree nie. Die Portugese was nie bereid om Delagoabaai af te staan nie, dus was daar slegs een moontlikheid vir 'n eie hawe, naamlik Kosibaai, maar dan moes die ZAR sy verlore beheer oor Swaziland herwin. Dit het beteken dat Kruger met die Britse regering moes onderhandel.[124] In die eerste helfte van Maart 1890 is 'n konferensie te Blignautspont gereël met die hoofonderhandelaars Kruger, Cecil John Rhodes (wat vier maande later premier van die Kaapkolonie geword het) en sir Henry Loch (Britse hoëkommissaris), elkeen met sy gevolg.[125] Deur die bemiddeling van die staatsekretaris, dr. W.J. Leyds, het Engelenburg toestemming van president Kruger ontvang om saam met hom na Blignautspont te gaan. Engelenburg het baie uitgesien na die konferensie want

> ... [n]ooit had ik durven hopen eene zoo mooie gelegenheid te zullen erlangen om met eigen oogen en eigen ooren mij bekend te maken met Zuid-Afrika's leading men en brulante kwestien.[126]

Amptelik sou hy as *Volksstem*-redakteur gaan, maar daar is aan hom genoem dat hy as privaatsekretaris die beraadslaginge sou kon bywoon.[127] Op hulle pad na Blignautspont het Kruger en sy geselskap eers 'n besoek aan Johannesburg gebring. Verskeie insidente het die besoek 'n negatiewe kleur gegee. By die Wanderers, waar ongeveer 10 000 mense teenwoordig was, het 'n deel van die skare "God save the Queen" en "Rule Brittannia" gesing. By landdros

---

124 S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 130. Vgl. L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: 'n biografie van dr. W.J. Leyds*, p. 106. Sien ook P.R. Botha, Die staatkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds: Transvaal 1844-1899, pp. 172-173.

125 S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, pp. 126-130.

126 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 24.02.1890.

127 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg, Pretoria – M.M. Koopmans-De Wet, Kaapstad, 24.02.1890.

Carl von Brandis (1827-1903) se huis, waar Kruger tuisgegaan het, het 'n paar oproerige myners die Vierkleur afgeruk en stukkend geskeur. Die myners was ontevrede omdat hulle lisensiegeld moes betaal en wou hulle misnoeë persoonlik aan die president oordra. Die verhouding tussen die regering en die inwoners van die Witwatersrand was dus baie gespanne.[128]

Ná die besoek van Kruger aan Johannesburg het die kloof tussen die Boere en die Uitlanders groter geword. 'n Verandering in die beleid van *De Volksstem* was daarna te bespeur. Engelenburg het gemeen dat die regering te toegeeflik teenoor die Uitlanders gehandel het en dat die tyd aangebreek het om met 'n ysterhand die bewind te voer en om aan sekere groepe in Johannesburg wat gemeen het dat hulle die wette kon maak, dit duidelik te stel wie die land regeer en wie tot in lengte van dae nog sou regeer.[129]

Van Johannesburg af het hulle die reis na Blignautspont voortgesit. By die onderhandelinge op 12 en 13 Maart 1890 het Kruger daarop aangedring dat Swaziland by die ZAR ingelyf word. Henry Loch het op sy beurt aangedring dat die ZAR-regering toelaat dat 'n spoorlyn van Natal na Johannesburg gebou word en dat die ZAR by 'n algemene tolverbond aansluit. Kruger kon egter nie die belofte maak nie, omdat die ooreenkoms met Portugal bepaal het dat geen nuwe spoorlyn na Johannesburg gebou sou word wat korter sou wees as die Delagoabaai-spoorwegaanleg wat toe net in aanbou was nie. Wat die tolverbond betref, was Kruger se leuse altyd dat 'n eie hawe eers verkry moes word en daarna 'n tolverbond. Om bogenoemde redes was Kruger onwillig om by Blignautspont 'n konsepooreenkoms te onderteken.[130] Rhodes en Loch het wel mondeling ooreengekom dat Swaziland by die ZAR ingelyf word. Van dié mondelinge ooreenkoms het, soos dit later sou blyk, niks gerealiseer nie omdat Rhodes sy eie agenda gehad het. Engelenburg het aan Marie Koopmans-De Wet geskryf dat sy ook tydens die informele gesprekke by die konferensie ter sprake gekom het. Rhodes het opgemerk dat haar hart haar gelei het om die

---

128 S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 127. Sien ook Redaksionele kommentaar, "Bezoek van Z.H. Ed. de Staatspresident te Johannesburg", *De Volksstem*, 10.03.1890.

129 Redaksionele kommentaar, "Bezoek van Z.H. Ed. de Staatspresident te Johannesburg", *De Volksstem*, 10.03.1890.

130 S.J.P. Kruger (F. Rompel (red.)), *Gedenkschriften van Paul Kruger gedicteerd aan H.C. Bredell en Piet Grobler*, p. 129.